View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)



# DIE KAAPSE KERK EN DIE VOORTREKKERS.

Terwyl in 1938 die Groot Trek besonder prominent na vore kom as gevolg van die verskillende eeufeeste en ook die groot eeufees wat D.V. 16 Desember a.s. gehou staan te word, kan dit sy nut hê as ons 'n oomblik stil staan by die houding van die Kaapse Kerk teenoor die Voortrekkers.

By die bestudering van die dokumente blyk dit dat daar langsamerhand 'n kentering gekom het in die oorspronklike houding van die Kerk, en dié gestadige kentering vorm dan as 't ware vanself die basis van verdeling van ons stof.

## I. *DIE ONVERSKILLIGE HOUDING VAN DIE KERK.*

As ons die houding van die Kerk as onverskillig bestempel, moet daar beslis gegronde redes voor wees. 'n Kerk is immers nie as geheel verantwoordelik vir wat 'n paar enkelinge of groepe daarvan geopenbaar het nie. In hierdie geval kan ons egter met sekerheid beweer dat die Kerk as geheel, soos vergader in sy grootste Meerdere Vergadering, die Sinode, hom uitgespreek het.

In 1837 is die sesde Sinode van die Hervormde Kerk van die Kaap Kolonie in Kaapstad gehou. Die Sinode het wel nie na aanleiding van 'n beskrywingspunt 'n bespreking gevoer oor die Trek en daaroor 'n besluit geneem nie. Maar aan Ds. T. J. Herold, predikant van Stellenbosch, is opgedra om 'n Herderlike Brief aan die gemeentes op te stel. En die Herderlike Brief was die direkte aanleiding dat die Trek deur die Sinode bespreek is. Sodat die bekragtiging van die Brief ook indirek 'n besluit van die Sinode genoem kan word.

Uit die Herderlike Brief haal ons die volgende aan om die gesindheid van die Sinode te illustreer: „Te regt bedroeft zich de Synode over den tegenwoordigen toestand van zoo vele Ledematen der Hervormde Kerk, die hun haardsteden en altaren hebben verlaten, zonder eenen Mozes en Aaron de woestyn introkken, en zonder belofte of aanwijzing thans een Canaan voor zich opzoeken. De Synode houdt die allen verantwoordelijk voor hun gedrag en wil hen slechts bij deze gelegenheid herinnerd hebben aan hunne dure verplichting, die zij bij den doop hunner kinderen op zich namen, en aan de belijdenis, die zij zelve vrijwillig aflegden, toen zij tot leden der Kerk werden toegelaten. Zoo kan ook de Synode hare goedkeuring geenszins hechten aan het voornemen van velen, die deze Nomaden op 't spoor wenschen te volgen, zoo lang zij zich niet overreden kan, dat het een gebiedende wenk der Goddelijke Voorzienigheid is, —Zij herinnert hen het zeggen van den Heiland, die zijn kruis niet opneemt en mij navolgt, kan mijn discipel niet zijn. Zij vermaant met allen ernst

elk en eenen iegelijk, om onderworpen te zijn aan hen, die God over hen gesteld heeft als Zijne dienaars, en met allen aandrang te bidden, dat deze het wereldlijke zwaard met geregtigheid en bescheidenheid mogen dragen. Het is toch laakbaar, dat men de Overigheid verge, dat deze zich uitsluitend naar onzen zin en belangen schikke, dat zij zelve bovendien in afhanklijkheid van hoogere magten zich gedragen moet, en veeltijds naar ontwerpen handelt, welke betrekking hebben op het algemeene welzijn en die de toekomstige welvaart van het land verzekeren. De staatkunde moge dan ook in onze dagen verordeningen daarstellen, die met onze wijze van denken en handelen of met onze belangen strijdig schijnen, vergeten wij niet dat alle deze eene wijziging erlangen naar mate van onze gehechtheid aan Godsvrucht en deugd. Blijft dan volstandig gelooven en betrachten, wat de Godsdienst van Jezus in alle betrekkingen en toestand van hare belijdenis vordert.—Hij, de Alleenheerscher der wereld, gebruikt vorsten en natiën dan eens om volken en landen te zegenen, dan weder om ze te beproeven en te doen ontluiken, of ook wel om ze te tuchtigen en te straffen. Veel, wat ons heden kwaad toeschijnt, wordt ons dikwijls op morgen tot eenen zegen; wat ons tijdelijke schade veroorzaakt een middel tot bevordering van ons eeuwig geluk . . . . Voorts Broeders en Zusters! betoont u in den burgerstaat als eerlijke, arbeidzame en nuttige leden der maatschappij, als getroue en gehoorzame onderdanen. Zoo zult gij gewis de bescherming en toegenegenheid wegdragen van hen die u regeren. Zulks zal onder anderen eene gunstige aanbeveling voor u zijn bij Hare Majesteit onze Geliefde Koningin, wier troonsbeklimming gij moogt toejuichen, daar dezelve met een vast vertrouwen geschiedde op de Goddelijke ondersteuning, en wier verklaringen en eerste werkzaamheden zoo zeer gekenmerkt zijn geworden met uitgdrukte gevoelens van hartelijke belangstelling in de bevordering van Godsdienst en deugd."

As ons die Brief aandagtig nalees, val dit op dat daarin geen woord van dank of lof voorkom aan die manne en vroue wat tot op die oomblik van hul vertrek, getroue en voorbeeldige lede van die Kerk was nie. Uit die hele stuk straal niks anders as antipatie teen die beweging. Die gees van die Brief is koud en onverskillig ten opsigte van die mense wat van kannie anders maar besluit het om weg te trek. By die behandeling van die Herderlike Brief het daar hier en daar in die Vergadering stemme opgegaan ten gunste van die Emigrante. Zoo het o.a. Ds. Moorrees van Tulbagh gesê: „Ik geef mijne stem niet, wijl ik de uitgewekene boeren niet zoo dadelijk kan veroordeelen." Ds. van der Lingen van Paarl het ook geprotesteer teen die inhoud van die Brief. Selfs die Kommissaris-Politiek Berrangé was van oordeel dat die deel van die Brief wat gaan oor die uitgewekene boere kon uitgebly het.

Die Sinode het ewewel die Brief net so aangeneem met 'n paar teëstemme. As ons vandag die Herderlike Brief lees, kan ons die vraag hoe dit moontlik was dat die Sinode van die Hervormde Kerk, waarvan die lede oorweeënd van Hollandse afkoms was, so hard en ongevoelig kon wees teenoor hulle eie vlees en bloed, maar nie onderdruk nie.

En ons kan die vraag alleen beantwoord as ons op 'n paar dinge let. Op die Sinode was manne teenwoordig wat volbloed Skotte was wat hulle nie kon indink in die sielsgesteldheid van die Emigrante nie. Verder is al die predikante van daardie dae deur die Staat aangestel en ook besoldig, sodat hulle, terwyl hulle feitlik staatsamptenare was, moeilik teen die Regering van die dag te velde kon trek. Dit mag dien as versagtende omstandighede, maar kan nog nie as 'n verskoning vir die houding van die Sinode geld nie; veral as ons in gedagte hou dat die Ouderlinge tog nie Skotte was nie en ook nie deur die Staat aangestel was nie. Hulle kon tog ten minste die motiewe van die Trekkers aangevoel en verstaan het.

Intussen het die Emigrante aanhoudend gevra dat daar tog predikante na hulle gestuur moet word. Vanaf Vetrivier het Piet Retief en G. Maritz die 6de Junie 1837 opdrag gegee aan 'n sekere heer F. Schulz om 'n leraar vir hulle te kry, maar dit het geen vrug gedra nie. In 1838 het Andries Pretorius, voor sy vertrek, met Ds. G. W. A. van der Lingen van Paarl in korrespondensie getree om 'n predikant vir die Voortrekkers saam te neem. Hoewel Ds. van der Lingen 'n besonder simpatieke brief geskrywe het, was ook die poging te vergeefs.

In 1839 is vanuit Natal 'n Memorie gestuur aan die predikante A. Faure, T. Herold, van der Lingen en P. Faure, waarin hulle hul planne uiteensit en meedeel dat hulle te Pietermaritzburg 'n kerk wil bou; maar, voeg hulle daarby, wat sal hulle met 'n kerk maak as daar geen herder onder hulle is nie? So rig hulle dan weer 'n versoek om 'n predikant. Op hierdie versoek het Ds. A. Faure geantwoord en nadere inligting gevra ten opsigte van: die getal belydende lede, die getal doopl ede en die getal ongedoopte kinders. Maar verder as dit het dit nie gekom nie.

In 1840 het die Volksraad van Natal toestemming gegee tot die beroep van Ds. P. K. Albertyn tot herder en leraar aldaar. Maar die beroep is bedank, sodat ook die poging tevergeefs was.

Is dit 'n wonder dat die Trekkers die predikante in die Kaap-Kolonie begin verwyt het en dat in 1840 die volgende woorde gebesig is in 'n brief vanuit Natal aan 'n vriend in Kaapstad? „Wat doen onze Afrikaansche Leeraren, dat zij niet naar ons willen komen? Hebben die WelEerwaarde Heeren geen nationaal gevoel, of denken die heren misschien geen genoegzaam onderhoud alhier te krijgen? . . . Is het mogelijk dat onze zoo zeer beminde Afrikaansche leeraren hen niet gedrongen gevoelen zich onder ons

neder te zetten, denken zij niet aan Jonas die naar Ninive moest gaan? Denken zij niet aan de Apostelen en Christus?" So gaan die broeder voort, en dit is duidelik dat die mense in Natal teleurgesteld was in die houding van die Kerk in daardie jare.

2. *GESTADIGE KENTERING IN DIE HOUDING.*

Inmiddels is die saak van die emigrante behandel deur die Ring van Graaff-Reinet. Dit was juis vanuit die gemeentes van dié Ring wat die meeste Trekkers gekom het. Op die vergadering van die Ring gehou in 1838, het die Kerkraad van Colesberg die volgende twee vrae ter tafel gebring:

1) „Hoe men handelen moet met degenen die de Colonie verlaten hebben, en boven een jaar ver buiten de grenzen woonachtig zijn geweest indien de zodanigen terugkeeren en de voorregten der Kerk eischen zouden?"

2) „Hoe men handelen moet met degenen die alhier tot ledematen aangenomen zijn geworden, en nog aan de Hervormde Kerk gehecht zijn, die door armoede en andere oorzaken zijn genoodzaakt buiten de limieten der Gemeente te zwerven of te wonen?" Aangesien die twee vrae so nou aan mekaar verbind is, het die Vergadering dit gesamelik behandel en daarop as volg geantwoord:

„Dat de Ringsvergadering zich bezwaard gevoelt wegens de bijzondere en ongehoorde omstandigheden waarin de bewoners van de gewesten aan de Noorde zijde der Oranje Rivier en buiten de grenzen der volkplanting gelegen, zich bevinden om een algemene regel voor te schrijven, waarnaar men behoort te handelen in ieder geval 't welk zoude kunnen gebeuren, maar dat de Vergadering ieder Kerkeraad recommandeert om in elk bijzonder geval van dien aard waarop bedoelt wordt, te handelen zooveel als mogelijk met de grootste voorzichtigheid en tevens met christelijke toegevendheid, overeenkomstig met de bestaande wetten en gebruiken der Kerk."

Met hierdie besluit het die Ring van Graaff-Reinet die versigtige weg aangewys. 'n Besliste houding het die Ring dus nog nie ingeneem nie.

Op die vergadering van dieselfde Ring gehou in 1840 het Ds. Reid van Colesberg verlof gevra om die uitgewekenes, woonagtig langs die Riet-, Sand- en Kafferriviere te gaan besoek, alleenlik om die evangelie aan hulle te verkondig. Hierop het die Vergadering geantwoord dat daar geen beswaar is mits hy net die evangelie verkondig en sonder om die wette van die land te oortree.

Op dieselfde Vergadering het Ds. Taylor van Cradock 'n brief van die Goewernement op tafel gelê waarin aan hom verlof gegee word om die Trekkers te gaan besoek en hulle van Woord en Sakramente te bedien. Hy wou nou ook verlof van die Ring hê om die plan uit te voer. Na 'n lang bespreking is uiteindelik besluit om die gevraagde verlof toe te staan mits hy die Vergadering die versekering wou gee "dat hij aldaar de Sacramente niet zal uitdeelen nog lidmaten aannemen." Ds. Taylor het hom aan die besluit onderwerp en plegtiglik belowe dat hy die Sakramente nie sou uitdeel nie.. Tereg is hierdie besluite van die Ring van Graaff-Reinet 'n sydelingse sensuur op die Trekkers genoem.

'n Deel van die Kaapse Kerk, t.w. die Ring van Graaff-Reinet, het dus begin om belangstelling te toon in die geestelike welvaart van die uitgewekenes.

In 1843 het daar vir die Emigrante in Natal onverwags uit 'n ander oord hulp opgedaag. In daardie jaar het die Britse Goewerneur hom begin bekommer oor die geestelike heil van die Trekkers, temeer nou dat Natal deur hom geannekseer was. Die gevolg van hierdie belangstelling was dat Ds. A. Faure op versoek van die Goewerneur in aller yl na Natal vertrek het om 'n aantal maande daar te arbei. Na sy aankoms aldaar is hy deur Kommissaris Cloete versoek om die mense in die omtrek van Weenen te bearbei. Ds. Faure het na Pietermaritzburg vertrek en daar Eerw. Lindley gehelp. By Weenen het hy egter nooit gekom nie, aangesien die boere agtergekom het dat sy besoek 'n newedoel gehad het om die mense vertroud te kom maak met die Britse gesag. Ds. Faure se sending was dus 'n mislukking, en nog voor die bepaalde tyd van verlof verstryk was, het hy teruggekeer na Kaapstad. Een van die dinge wat aanstoot gegee het, was die feit dat hy in sy eerste erediens onder hulle in sy gebed gedenk het aan die Koningin van Engeland.

In verband met die betaling van die onkoste van Ds. Faure deur die Staat vind ons die volgende interessante verduideliking van die Goewerneur aan die Sekretaris van Staat in Londen: "In regard to Mr. Faure's expenses, I would observe that most of the Emigrant farmers having, for so many years, been wholly deprived of the Ordinances of Religion, and of the means of attending divine service, and the remainder having only been able to avail themselves of the occasional visits of two or three Missionaries who notwithstanding the difficulties of the period, continued a precarious residence in the country, but, being of a different persuasion, with little or no influence amongst them, I considered it my duty, political as well as moral, to take advantage of the first opportunity which their submission to Her Majesty's authority afforded, to request Mr. Faure, the

Senior Minister of the Dutch Reformed Church in Capetown, whose good opinion, I had reason to believe, they much valued, to proceed to Natal and to place himself at the disposal of the Commissioner should this gentleman be of opinion that his visit to the farmers would have a beneficial tendency."

Geen wonder dus dat die sending van Ds. Faure 'n mislukking was nie, want hy was opsetlik gestuur om die mense te gaan paai.

Die Ring van Graaff-Reinet het intussen nog maar voortgegaan om in verbinding te bly met die Emigrante. So is bv. in 1844 besluit dat die Ringskommissie in korrespondensie moes tree met hulle, met medewete en toestemming van die Goewernement, en op die volgende Vergadering van die Ring rapport moes doen oor wat gedaan kan word. Dit het gebeur. Met die toestemming van die Goewerneur, is geskrywe aan Kommandante Oberholster, by Rietrivier, en Mocke, by Modderrivier, e.g. het 'n gunstige antwoord gestuur en gesê dat hulle later sou berig wat hulle kon doen. Kommandant Mocke het geantwoord dat hy en sy mense niks met die predikante van die Kaapkolonie te doen wou hê nie, maar dat hulle 'n predikant van die Noorde verwag.

Die gevolg van hierdie korrespondensie was dat die Ring in 1845 besluit het om twee predikante, t.w. Di. Krige en Fraser en ouderling B. J. J. Burger van Graaff-Reinet, na die mense te deputeer. Opmerklik is dat aan die Kommissie geen definitiewe opdrag gegee is nie. Die besluit van die Ring lui as volg: „De WelEerw. Heer Krige leest het Rapport der Commissie betrekkelijk de Uitgewekene Boeren; waarop door den WelEerw. Heer Pears wordt voorgesteld en algemeen goedgekeurd, dat twee leeraars en een ouderling tot hen zouden gezonden worden; waartoe by meerderheid van stemmen verkozen werden de WelEerw. Heer Fraser, de WelEerw. Heer Krige en de ouderling B. Burger."

Van die drie broeders kon Ds. Krige alleen wegkom. Hy het die mense gaan besoek en volgens sy rapport aan die Ring het hy hom hoofsaaklik bepaal by die wat by Rietrivier woonagtig was. Hy sê o.a. dat die wat by Modderrivier gewoon het, niks met hom te doen wou hê nie.

Die volgende woorde in sy rapport klink vreemd, temeer aangesien daar geen stipulasie daartoe gemaak was nie. „Het avondmaal is volstrekt niet bediend geworden." Kinders is in groot getalle gedoop blykens dieselfde rapport. Ons vind dus hier 'n wonderlike skeidslyn tussen die twee Sakramente. Nagmaal mag nie gehou word nie, maar die kinders kon wel gedoop word. Vir die eienaardige gedragslyn is daar verder in die rapport geen motivering nie.

3. *AKTIEWE OPTREDE VAN DIE KERK AS GEHEEL.*

(a) *Eerste Afvaardiging van Sinodesweë.*

In 1842 het die Sinode weer vergader, maar op daardie vergadering is nie gehandel oor die uitgewekenes nie. Eers op die volgende Sinode in 1847 het die volgende beskrywingspunt ter tafel gekom: „De aandacht van de Hoog-Eerw. Vergadering te bepalen bij de geestelijke aangelegenheden van de Uitgewekenen aan de Riet Rivier; dat middelen in het werk mogen worden gesteld om ze zoo spoedig mogelijk onder de zegeningen des Evangelies te brengen." Na bespreking van die saak is die volgende voorstel eenparig aangeneem: „Dat namens de Synode eene Commissie worde benoemd om de uitgewekenen te bezoeken, *met volle macht,* om alle zoodanige maatregelen in vereeniging met hen te nemen, waardoor in hunne geestelijke behoeften op eene geregelde wijze kon worden voorzien; dat de Commissie thans worde benoemd, dat dit aan de Emigranten worde medegedeeld, en wanneer zij zich bereidwillig verklaren die Commissie behulpzaam te zijn om derwaarts te komen, dezelve haar taak als dan volbrenge."

Uit hierdie besluit straal daar 'n ander gees as wat opgemerk is in die Herderlike Brief van 1837. Blykbaar het die algemene opinie in die Kerk intussen 'n ingrypende verandering ondergaan.

Die Kommissie benoem het bestaan uit Di. Murray en Albertyn en ouderlinge Pienaar (Richmond) en de Wit (Victoria).

In die Herderlike Brief van dié Sinode is die saak as volg onder die aandag van die gemeentes gebring: „Getroffen door berigten aangaande den godsdienstigen toestand onzer geloofsgenooten over de grenzen aan de Riet- en Modderrivieren en in derzelver omstreken, hebben wij enige broederen, uit ons midden benoemd om zich derwaats te begeven, ten einde de openbare eeredienst in die oorden op een gezonden voet te brengen, en, in het gemeen, den staat der godsdienst te bevorderen." Met medewerking van die uitgewekenes het die Kommissie in 1848 uit die Kolonie vertrek, sonder ouderling de Wit wat verskoning gevra het. Uit hulle rapport blyk dat hulle besoeke afgelê het na Rietrivier, Modderrivier, Winburg, en vandaar selfs oorgegaan het na Potchefstroom (Mooirivier). By Mooirivier het hulle spoedig opgemerk dat daar 'n ruime mate van vooringenomenheid teen hulle besoek bestaan. Deur tussenkoms van die Landdros Lombaard en Kommandant Pretorius is egter toegelaat dat die Kommissie kon voortgaan met hul werksaamhede. Daar het hulle ook twee persone van Magaliesberg af ontmoet wat hulle versoek het om daarheen ook te gaan. Die dringende versoek moes die Kommissie egter van die hand wys. Met blydskap vermeld die Kommissie in hul rapport dat die

dag toe hulle van Potchefstroom vertrek het, hulle kon sien dat alle vooringenomenheid teen hulle verdwyn het.

(b) *Tweede Afvaardiging van Sinodesweë.*

Die vorige Kommissie het in hul rapport die hoop uitgespreek dat daar binnekort weer 'n Kommissie na die uitgewekenes sou gaan. In aansluiting nou aan hierdie versoek het die Actuarius, Ds. A. Faure, die lede van die Sinodale Kommissie skriftelik genader om weer 'n Kommissie te stuur. Die meerderheid van die lede was ten gunste daarvan. Die groot struikelblok vir 'n paar van die lede was die reiskoste van sodanige kommissie. Di. P. Faure en W. Robertson is aangewys om te gaan. Hiervoor moes vooraf die toestemming van die Goewerneur verkry word. Dit is geredelik gegee en nog baie meer. Die Goewerneur het nl. onderneem om die reiskoste verbonde aan die sending uit die Staatskas te bestry. Op versoek van Ds. P. Faure egter is ooreengekom dat die koste aan hulle terugbetaal sou word na hulle terugkoms, uit vrees dat die saak skade sou kan ly as dit bekend geraak het dat die Staat hulle reiskoste betaal het. Later sou hierdie onderneming van die Goewerneur lei tot moeilikheid, aangesien die lede van die Sinodale Kommissie wou weet wie die onkoste betaal het, asook die Ring van Kaapstad. Die informasie is egter nooit aan hulle verstrek nie.

Die Kommissie het die Kolonie in 1848 verlaat. Die Vrystaat, wat kort tevore geannekseer was deur die Engelse, was toe juis in 'n staat van beroering wat gekulmineer het in die slag by Boomplaats. Blykbaar het Sir Harry Smith dit toegejuig dat juis op daardie tydstip twee gesiene predikante daarheen sou gaan om olie op die waters te gooi. Steun kon hy seker van hulle in die rigting verwag, want Ds. Faure het in 'n brief aan die Sekretaris van die Goewernement o.a. die volgende gesê: "Learning however from His Excellency, whose exertions to quell that wicked rebellion, the Almighty has graciously blessed, how desirable after such a state of excitement, the ministrations of the Gospel of peace would be . ." En Dr. Robertson het later vanuit die Soewereineteit geskrywe aan die Kaapse Regering: "We have abstained in our public services from allusion directly to Rebellion, but we embrace every opportunity of speaking very candidly with those who are said to be affected, in private, and we generally take care to obey the Apostolic Command by praying for the Queen and all in authority."

Die Kommissie het nie net die emigrante in die gewese Vrystaat besoek nie, maar ook deurgedring tot Transvaal en daarin tot by Magaliesberg. Sowel deur die Kerkraad van Potchefstroom as deur die vooraanstaande persone van Magaliesberg is dankbriewe aan hulle gerig. Uit die

brief van Potchefstroom haal ons die volgende aan: „Wij verzoeken de Synode ons toch niet te willen vergeten, maar dat onze gemeenten toch altijd in verband met de Synode mogten staan, want al zijn wij hier buiten de grenzen der Kolonie, wij wonen toch binnen het rijk van den Heere Jezus, 'twelk zonder grenzen is." In die bedanking van die Magaliesbergers word ook versoek om onder die toesig van die Sinode te staan.

Na hulle terugkoms in die Kolonie het die Goewerneur Ds. Faure persoonlik bedank en Dr. Robertson skriftelik; verder het hy in 'n brief aan die Sekretaris van Staat in Londen taamlik breedvoerig uitgewei oor die waarde van die afvaardiging.

(c) *Die Derde Afvaardiging van Sinodesweë.* (1851-1852).

In Augustus 1851 het Ds. P. Faure, in sy hoedanigheid as praeses van die Sinodale Kommissie, weer die saak van 'n Kommissie na die uitgewekenes aangeroer. Sy groot argument was dat sedert die terugkoms van die laaste Kommissie die Kerk nog niks weer vir die mense gedoen het nie. Daar het wel intussen verandering gekom ten opsigte van die gereëlde bediening van Woord en Sakramente onder hulle, sedert die bevestiging van Ds. A. Murray jr. te Bloemfontein. Die broeder het Transvaal af en toe besoek en is selfs in 1851 beroep na Transvaal. Hy het egter nie die beroep aangeneem nie. Ds. Faure se voorstel is deur die meerderheid van die lede goedgekeur. Weliswaar is die koste weer aangeroer, maar aangesien besluit is dat die belanghebbendes in Transvaal dit moes dra, het dit weggeval. As lede van die Kommissie is benoem Di. A. Murray (Bloemfontein) en J. H. Neethling (Prins Albert). Ook die broeders het deurgedring tot diep agter in Transvaal en so die mense opgesoek. Terwyl hulle daar was, is ook onderhandelinge met hulle aangeknoop deur die gekombineerde Kerkraad van Transvaal en die Volksraad van die S.A. Republiek insake inlywing van die Transvaalse Gemeentes by die Kaapse Sinode en 'n ooreenkoms is inderdaad bereik.. As gevolg van die onderhandeling het 'n beskrywingspunt te dien effekte gedien voor die Sinode van 1852. Voordat die Sinode hieroor besluit het, is die advies van William Porter, destyds prokureur-generaal aan die Kaap, ingewin, en hy was van opinie dat die Ordonnansie van 1843 geen hindernis in die weg gelê het vir sodanige inlywing nie. So is na rype beraadslaging besluit om die Transvaalse Gemeentes in te lyf en hiervan is sowel aan die Volksraad van Transvaal as aan die Goewerneur in Kaapstad kennis gegee.

Die Sinode het by die geleentheid ook sy dank uitgespreek aan al die broeders wat intussen na die emigrante was vir bediening van Woord en

Sakramente. Die inlywing van die Transvaalse Gemeentes het egter nie werklikheid geword nie, aangesien hulle kort daarna oorgegaan het tot stigting van hul eie kerkverband.

J. P. JOOSTE.

Bethulie, 18.3.1938.

Boeke geraadpleeg:

A. Dreyer: *Die Kaapse Kerk en die Groot Trek* (1929); Ds. C. Spoelstra: *Het Kerkelijk en Godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek* (1915); *De Handelingen der Zeven Eerste Vergaderingen van de Algemeene Sijnode der Ned. Geref. Kerk van Zuid-Afrika* (1857); Dr. S. P Engelbrecht: *Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika* (1936); Dr. G. B. A. Gerdener: *Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariep* (1929); F. Lion Cachet: *De Worstelstrijd der Transvalers* (1882); G. S. Preller: *Voortrekkermense II* (1920).